Doopprosedures 2024

Beste doopouer(s)

In ons geloofsfamilie is die bediening van die doop en die toerusting aan doopouers vir ons baie belangrik. Ons bied 'n vier weke doop kursus aan genaamd Watermerk, waar ons veral, alle nuwe doop ouerpare uitnooi om dit by te woon. Watermerk is 'n omvattende doop kursus wat interaktief aangebied word deur ons leraars.

In die doop kursus gaan ons oor die betekenis van die doop gesels – ons gaan veral kyk na die beloftes wat tydens die doop gemaak word. Ons wil graag vir julle die nodige gereedskap gee om julle kind te begelei om die betekenis van die doop hulle eie te maak.

Navorsing het onlangs weer beklemtoon hoe belangrik ouers in die vorming van hulle kinders se geloof is. Kinders se geloof word hoofsaaklik by die huis gevorm – goed of sleg.

Ons gaan in hierdie kursus gebruike inoefen wat in die erediens en by die huis uitgeleef kan word om julle as ouers prakties te help met julle kinders se geloofsvorming.

Vir nou word die doop kursus slegs drie keer 'n jaar aangebied, in Februarie, Mei en Augustus. Die kursus word op Dinsdae aande om 18:00 by ons gemeente aangebied. Ons gemeente voorsien die ouer(s) van die Doopjoernaal wat tydens die kursus gebruik gaan word.

Ons weet dat almal se lewens omstandighede nie dieselfde is nie en daarom wil ons ook ruimte bied vir ouers wat nie die hele kursus kan bywoon nie, of wat dalk nie op Dinsdae aande die kursus kan bywoon nie. Indien ouers nie die kursus op Dinsdae aande kan bywoon in een van die drie maande soos bo genoem nie, is hulle welkom om die betrokke leraar wat die doop gaan bedien, te skakel en die nodige reëlings te tref.

Ouers wat reeds die kursus bygewoon het en weer 'n kind wil doop, hoef nie die volledige kursus by te woon nie, maar slegs 'n gesprek met die betrokke leraar wat die doop gaan bedien.

Die doop vind op elke eerste Sondag van die maand tydens die oggenddiens plaas. Daar kan in slegs uitsonderlike gevalle op alternatiewe datums gedoop word, deurdat kerkraadtoestemming verkry is. Rig asseblief vroegtydig u versoek tot die kerkraad.

Indien u, u kind wil doop vra ons dat u asseblief die registrasiedokument by die kerkkantoor inhandig en die doop kursus voltooi, of dan soos alternatiewelik met die betrokke leraar gereël is.

Waar kry ek die registrasiedokument? Dit is op die tafels by die kerkdeure beskikbaar of u kan dit afhaal by die kerkkantoor of self van die webblad aflaai (www.ngnelspruitsuid.co.za).

Wat is die doel van die registrasiedokument? Dit is om u persoonlike inligting op datum te bring. Daar is ook inligting wat u sowel as u gade moet voltooi, dit sal die leraars help wanneer hulle die kursus aanbied.

Wat maak ek met die registrasiedokument? Lees die besonderhede in die dokument en vul die nodige inligting in. Sorg asseblief dat dit voor die doop kursus wat u wil bywoon by die kerkkantoor ingehandig word.

Foto's tydens die doopgeleentheid? U kan met vrymoedigheid foto's neem. Ons vra wel dat die fotograaf in die voorste ry sit en nie tydens die erediens opstaan nie – neem in ag, dat dit steeds 'n erediens is. Ons vra asseblief dat flitsfotografie nie gebruik word nie. Daar is ruim geleentheid om na afloop van die diens foto's te neem.

Die registrasie dokument bestaan uit twee afdelings, Afdeling A en B. Sal u asseblief vir ons **Afdeling A** voltooi. Dit bevat biografiese data wat ons benodig vir doopregistrasie en om ons databasis op datum te hou.

Afdeling B moet asseblief deur beide ouers afsonderlik ingevul word. Dit help die betrokke leraar met die doopgesprekke en dit word streng vertroulik hanteer.

Foto: Ons gemeente vertoon 'n foto van u kind wat gedoop word, wat ons dan op die skerm in die gemeente wys. Dit moet 'n week voor die tyd by die kerkkantoor ingegee of per e-pos gestuur word na admin@ngnelspruitsuid.co.za

Teksvers: Julle as ouers kan 'n teksgedeelte vir julle kind kies, wat ons dan voor in sy/haar Bybel plaas. Dit moet ten minste 'n week voor die tyd by die kerkkantoor ingegee of per e-pos gestuur word na admin@ngnelspruitsuid.co.za

Julle kan hierdie vorm by die kerkkantoor inhandig of per e-pos stuur na admin@ngnelspruitsuid.co.za

Vir enige verdere navrae kan julle die kerkkantoor kontak by 013 744 1925.

Baie dankie vir u samewerking en ons bid dat die doopgeleentheid vir u en u familie 'n besondere geestelike ervaring sal wees.

Seënwense

Die Leraarspan

Afdeling A

1. **Kind:** Volle name soos op geboortesertifikaat: _____
2. **Kind:** Geslag: Manlik / Vroulik: _____
3. **Kind:** Noemnaam:_____
4. **Kind:** Van:_____
5. **Kind:** Geboortedatum:_____
6. **Vader:** Volle name en van:_____
7. **Vader:** Noemnaam:_____
8. **Vader:** Identiteitsnommer_____
9. **Moeder:** Volle name en van:_____
10. **Moeder:** Noemnaam:_____
11. **Moeder:** Identiteitsnommer:_____
12. Straatadres:_____
13. Telefoonnommer (huis):_____
14. Selnommer (vader):_____
15. Selnommer (moeder):_____
16. E-posadres (vader):_____
17. E-posadres (moeder):_____
18. Huweliksdatum van ouers:_____
19. Hoeveel ander kinders het u?_____
20. Is al die ander kinders reeds gedoop?_____
21. Is albei ouers lidmate van die NG Kerk: vader:_____ moeder:_____
22. Indien nie, watter kerk?_____
23. Indien u lidmaatskapsertifikaat by 'n ander gemeente is, waar kan dit aangevra word?
    a. Moeder:_____
    b. Vader:_____
24. **Doopdatum**: Ons wil ons kindjie op die _____ (doopdatum) laat doop.
    (Doop vind plaas elke 1ste Sondag van die maand)

Geteken: Vader: _____

Geteken: Moeder: _____

Datum: _____

Teksvers wat voor in u kind se doopbybel moet kom:

_____

_____

_____

Afdeling B - word deur elke ouer afsonderlik ingevul

Naam en van:_____

Vertel ons iets meer van jou geloofsagtergrond (waar het jy kerk toe gegaan ens.)

_____

_____

_____

_____

Watter rol speel God tans in jou lewe?

_____

_____

_____

_____

Hoekom wil jy jou kind laat doop?

_____

_____

_____

_____

Hoe lank is jy al 'n lidmaat van NG Nelspruit-Suid?

_____

Hoe gereeld woon jy/julle die eredienste by?

_____

Het jy 'n behoefte om in te skakel / meer betrokke te wees by gemeente aktiwiteite (selgroep / uitreike / omgee ens.)?

_____

Wat sou jy sê is die gawe(s) wat die Here aan jou gegee het?

_____

Afdeling B - word deur elke ouer afsonderlik ingevul

Naam en van:_____

Vertel ons iets meer van jou geloofsagtergrond (waar het jy kerk toe gegaan ens.)

_____

_____

_____

_____

Watter rol speel God tans in jou lewe?

_____

_____

_____

_____

Hoekom wil jy jou kind laat doop?

_____

_____

_____

_____

Hoe lank is jy al 'n lidmaat van NG Nelspruit-Suid?

_____

Hoe gereeld woon jy/julle die eredienste by?

_____

Het jy 'n behoefte om in te skakel / meer betrokke te wees by gemeente aktiwiteite (selgroep / uitreike / omgee ens.)?

_____

Wat sou jy sê is die gawe(s) wat die Here aan jou gegee het?

_____